Lees saam:
Romeine 8:12-17
Hebreërs 12:1-3

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

- Bid dat die gemeente die wondergenade van ons geestelike erfenis opnuut sal verstaan.
- Bid dat ons nie slawe van geloof sal wees nie, maar broers en susters in geloof.
- Bid dat ons gemeenskap ons uithouvermoë by die Here sal soek.
- Bid dat die Gees ons moet lei na waar ons vir ander kan ondersteun.

moreleta kerk

Aangenome - Erfgename

15 September 2024

Ds. Pieter Badenhorst
info@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Verlede week het ons gepraat oor ons eie Afrikaanse erfenis - ons taal... Volgende week praat ons oor ons Suid-Afrikaanse erfenis met 'n reënboogland en nasie en alle wat die Here vir ons gee.

Hierdie week gesels ons oor ons Geestelike erfenis. Romeine 8 sê ons is kinders van God. Die Heilige Gees bevestig dit, die oomblik as ons Jesus innooi en die Heilige Gees kom woon in ons word ons weer gebore - oor gebore uit God, aangenome kinders wat so goed is soos Sy eie kinders - broers en susters van Jesus wat saam met Hom erf alles wat Syne is en die Hemelse heerlikheid.

Gesels saam

1. In vers 15 van **Romeine 8** staan daar dat die Gees ons nie vreesbevange slawe maak nie. Vers 16 sê nee ons is ware kinders van God wat vir Hom uitroep Abba wat eintlik die Aramese woord vir pappa is. Gesels bietjie met mekaar oor die verskil tussen 'n slaaf en 'n kind in die huishouding.
2. In vers 17 van **Romeine 8** word duidelik gesê as ons deur God aangeneem is en in Hom weergebore is, dat ons presies erf wat Christus erf. Ons het dieselfde status van kindskap as wat Jesus het, maar daar sê ook iets van ons erfporsie wat nie net alles positief is nie en ook leiding kan inhou - gesels daaroor.
3. **Hebreërs 12** sê dat hierdie erfporsie nie net iets is vir my om my net te kom red van die hel nie, dis 'n klomp mede-gelowiges wat saam met my hierdie erfporsie kry, die wedloop waarin ons hardloop word as voorbeeld gebruik. Gesels bietjie oor die metafoor van die wedloop, laste afgooi en die ooreenkoms met **Romeine 8** wat sê ons sondige natuur wat ons kan weerhou daarvan om voluit te lewe.
4. Hierdie wedloop van **Hebreërs 12** sê ons het volharding nodig ons moet aanhou ons moenie moeg word nie en uitsak nie. Wat is die ondersteuning wat ons het en wat gaan ons deurdra. Gesels daaroor.